SEISOEN VAN MENS-WAARDIGHEID
dignity • ubuntu • botho

MENSWAARDIGHEID

Johannes 13:1-20 – Jesus was die voete van sy dissipels

"As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was."

RESPEKTEER

LUISTER

LIEFHÊ

OMARM

MENSWAARDIGHEIDSFOKUS

Jesus wys sy liefde vir sy dissipels deur hulle voete soos 'n slaaf te was. Só stel Hy vir ons 'n voorbeeld om ander met menswaardigheid te hanteer en bo alles lief te hê.

NADINK- EN GESPREKSVRAE

- Wat leer ons by Jesus oor menswaardigheid?
- Hoe hanteer Jesus ander mense met menswaardigheid deur my?
- Wie het jou verras met menswaardigheid?
- Wie sou jy kon verras met menswaardigheid?

CLF

BM BYBEL-MEDIA

www.menswaardigheid.co.za

SEISOEN VAN MENS-WAARDIGHEID
dignity • ubuntu • botho

RESPEKTEER

Lukas 6:6-11 – Die man met die gebreklike hand

"Staan op en kom staan hier in die middel."

MENSWAARDIGHEIDSFOKUS

Jesus sien die man se nood raak – met 'n gebreklike hand, en onder skoot van die skrifgeleerdes en Fariseërs – en toon respek en deernis aan hom deur hom sentraal te laat staan en te genees.

NADINK- EN GESPREKSVRAE

- Wat leer ons by Jesus oor respek?
- Hoe respekteer Jesus ander mense deur my?
- Wie het jou verras met respek?
- Wie sou jy kon verras met respek?

CLF

BM BYBEL-MEDIA

www.menswaardigheid.co.za

SEISOEN VAN MENS-WAARDIGHEID
dignity • ubuntu • botho

LUISTER

Markus 5:21-43 – Die dogtertjie van Jaïrus

"Jesus het egter met die een oor gehoor wat daar gesê word en Hy sê toe vir die raadslid ... "Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo!"

MENSWAARDIGHEIDSFOKUS

Jesus luister nie net na die versoek van Jaïrus om sy dogtertjie te gaan genees nie, maar bemoedig hom ook om te bly glo, toe Hy hoor hoe sy geloof deur die berig van haar dood onder skoot kom.

NADINK- EN GESPREKSVRAE

- Wat leer ons by Jesus oor luister?
- Hoe luister Jesus na ander mense deur my?
- Wie het jou verras met luister?
- Wie sou jy kon verras met luister?

CLF

BM BYBEL-MEDIA

www.menswaardigheid.co.za

SEISOEN VAN MENS-WAARDIGHEID
dignity • ubuntu • botho

LIEFHÊ

Johannes 21:15-19 – Petrus kry opnuut sy opdrag

"Simon, seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier?"

MENSWAARDIGHEIDSFOKUS

Jesus herstel Petrus se verbintenis aan Hom en sy status as leier onder die dissipels in 'n intieme gesprek met Petrus oor sy liefde vir Hom. Hierna sou Petrus die Here enduit kon volg en God verheerlik in sy uiteindelike dood.

NADINK- EN GESPREKSVRAE

- Wat leer ons by Jesus oor liefhê?
- Hoe het Jesus ander mense lief deur my?
- Wie het jou verras met liefhê?
- Wie sou jy kon verras met liefhê?

CLF

BM BYBEL-MEDIA

www.menswaardigheid.co.za

SEISOEN VAN MENS-WAARDIGHEID
dignity • ubuntu • botho

OMARM

Matteus 9:18-26 – Die vrou met bloedvloeiing

"As ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word."

MENSWAARDIGHEIDSFOKUS

Die vrou met bloedvloeiing kom na Jesus en raak aan die soom van sy klere. Jesus draai om, sien haar raak en maak haar gesond. Haar geloof in Hom bring vir haar redding.

NADINK- EN GESPREKSVRAE

- Wat leer ons by Jesus oor omarming?
- Hoe omarm Jesus ander mense deur my?
- Wie het jou verras met omarming?
- Wie sou jy kon verras met omarming?

CLF

BM BYBEL-MEDIA